# Akani se hond

Storie deur Baeletsi Tsatsi | Illustrasies deur Manu Kongolo

Toe die president van Suid-Afrika aankondig dat die land 'n grendeltyd binnegaan, weet Akani se ouers dat hy verveeld gaan wees by die huis. By die skool het Akani met sy maats gespeel, hy het by sy onderwyser nuwe woorde geleer en ook hoe om te skryf en te tel. Akani se ouers maak 'n plan om hom te vermaak: hulle kry vir hom 'n hond.

"Wat gaan jy jou hond noem?" vra Akani se ma.

"Ek weet nog nie," sê Akani.



Op die eerste dag van die grendeltyd speel Akani en die hond eers in die tuin, hulle hardloop totdat Akani uitasem is en toe gaan sit hulle in Akani se slaapkamer. Hulle sien die ou kragstasie se koeltorings in die verte deur die venster. Die torings is helder kleure geverf.

Die hond begin tjank en Akani streel hom saggies. Toe begin hy sy stert baie opgewonde swaai. Akani vra: "Wat is dit, hond?"




Wil jy glo? Die hond antwoord met 'n diep stem! "Eendag, lank, lank gelede ..."

Akani dink hy word mal. Hy leun nader aan die hond. "Wat het jy gesê?"

Die hond maak keel skoon. "Eendag, lank, lank gelede," herhaal die hond en kyk reguit in die rigting van die torings. Akani luister mooi toe die hond sy storie begin vertel.

"In die suide van Johannesburg was daar twee hoë torings. Hulle was *cool*. Ek bedoel, regtig koel. Dit was die koeltorings vir die Orlando-kragstasie tot in 1998. Toe verander hulle in storietorings wat aan die hele Soweto behoort: die Soweto-torings. Stories is in prente aan die buitekant van die torings geverf. Die prente het van tyd tot tyd verander. Soms was die stories oor Nelson Mandela, die groot held van die nasie. Soms het hulle vertel van musiek en mense wat wild dans. Soms het hulle stories vertel oor Johannesburg, die stad van goud," sê die hond.

Akani is so opgewonde dat hy die hond reguit vra: "Is jy 'n towerhond?" Die hond leun nader, lek Akani se mollige wange en lag 'n hondelaggie.



“Ek is ’n storievertelhond,” sê die hond.

Akani is so opgewonde dat hy van die bed af spring en ’n oorwinningsdansie doen. Die hond hou hom dop en swaai sy stert heen en weer, heen en weer. Akani gaan sit weer.

“Ag, brakkie, sal jy my asseblief nog ’n storie vertel?” vra hy.

“Jy moet eers iets vir my doen,” sê die hond.

“Enigiets,” belowe Akani. “Sê my net wat.”


“Jy moet my ’n naam gee,” sê die hond.

Akani kyk ’n rukkie by die venster uit en sê niks. Toe hy die torings in die verte sien, dink hy aan ’n goeie naam.

“Orlando,” sê Akani en kyk of die hond van sy nuwe naam hou. Die hond sê ’n rukkie lank niks nie. Toe spring hy van die bed af, tjank van blydskap ’n opgewekte deuntjie en doen wat lyk soos ’n oorwinningsdansie. Hy hou sommer baie van sy naam.

“Orlando,” sê Akani. “Vertel asseblief vir my ’n storie.”

“Eendag, lank, lank gelede ... ” sê Orlando en neem sy plek langs Akani op die bed in.



Nal'ibali-pret

# Akani se hond

Storie deur Baeletsi Tsatsi • Illustrasies deur Manu Kongolo

## Idees om oor te gesels

Het honde 'n taal? Indien nie, hoe kommunikeer honde?

Wat onthou jy van toe ons die eerste keer grendeltyd gehad het? Watter soort dinge het jy tydens die grendeltyd gedoen?

## Visueel

Teken 'n prentjie van Akani en Orlando wat saam in die tuin speel.

## Lees

Word 'n storiespeurder! Soek woorde in die storie wat jou vertel dat

- Akani se slaapkamer 'n venster het
- Akani goed was vir sy hond
- hy in die storie wat sy hond vertel, belangstel
- hy sy hond na die Soweto-torings vernoem het.

## Skryf

Help Akani om nie tydens die grendeltyd verveeld te raak nie. Skryf 'n Verveeldheidsvegter se lys van wenke van hoe om by die huis besig te bly.

## Handwerk

Skep jou eie storietoring. Soek 'n lang kartondoos en genoeg papier om dit aan al vier kante te bedek. Teken of verf 'n storieprentjie op die papier. Plak jou storieprentjie aan die kante van die kartondoos vas.

## Speel toneel

Voltooi die storie wat Orlando aan die einde van *Akani se hond* begin vertel.